

# Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres – 2 Mei 2021**

## VOTUM:

Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie,  
maar aan u Naam kom die eer toe,  
want dit is U wat liefde en trou bewys.

<sup>2</sup>Waarom sou die heidene kan sê:

“Waar is hulle God nou?”

<sup>3</sup>En dit terwyl ons God in die hemel is!

Alles wat Hy wil, doen Hy.

## SEËNBEDE:

Aan almal wat aan God behoort en  
in Christus Jesus glo.

Genade en vrede vir julle

van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

## SKRIFLESING:

**Teks: Psalm 118:19-29**

**Tema: Die poort na God is die poort na seën.**

## **Agtergrond:**

Psalm 118 is geskryf teen die agtergrond van die Babiloniese ballingskap. In die jaar 586 v.C. word Jerusalem en die tempel vernietig en word die Jode in ballingskap weggevoer. Tydens die ballingskap profeteer Jesaja dat die ruïnes van die Jerusalem weer opgebou sal word,

“Ek sê van Jerusalem: Hy moet weer bewoon word, en van die stede van Juda: Hulle moet weer opgebou word, en Ek self bou Jerusalem se ruïnes weer op.” (Jesaja 44:26)



Later profeteer Sagaria,

“Ek is hartstogtelik begaan oor Jerusalem, oor Sion. Daarom, so sê die Here, gaan Ek My weer oor Jerusalem ontferm: my tempel daar gaan herbou word, sê die Here die Almagtige, Jerusalem sal opnuut as stad uitgelê word. My stede sal weer oorstroom word deur voorspoed.” (Sagaria 1:12-17)

### **Begin van bouprojek. (Esra 1:2-4).**

Na die val van die Babiloniese ryk gee Kores opdrag dat die Jode mag terugkeer en dat Jerusalem en die tempel weer opgebou moes word.

### **Weerstand teen die bouwerk**

Die Jode keer onder Serubbabel terug en begin om ten spyte van hulle vrees vir die ander bevolkingsgroepe, die altaar en tempel te herbou. Daar was egter konstante weerstand teen die bouprojek:

- **Saamwerk**

Vyande van Juda het gehoor van die bouprojek en hulle het aangebied om die Jode te help. Serubbabel het geweier. (Esra 4:1).

- **Moedeloos en bang**

Daarna het hulle probeer om die Jode moedeloos en bang te maak. (Esra 4:4)

- **Omkopery**

Hulle het amptenare omgekoop om die bouplanne in die wiele te ry. (Esra 4:5)

- **Geskrewe klag**

Toe al hierdie pogings misluk, het Bislam namens die Arabiese bondgenootskap 'n geskrewe klag by koning Ahasveros ingedien. Hy verwys na Jerusalem as 'n slegte en rebelse stad wat gaan weier om belasting, heffings en tol te betaal. Ahasveros het opdrag gegee dat die bouprojek onmiddellik gestaak moes word. (Esra 4:7-16)

- **Mag en geweld**

Die werk is met mag en geweld tot stilstand gebring. (Esra 4:17-23)

- **Motiveerders**

In dié tyd het twee profete, Haggai en Sagaria, die Jode aangemoedig om met die projekte voort te gaan. (Esra 5:1-5)

- **Voltooi**

In die tweede regeringsjaar van koning Darius is opdrag gegee om met die bouprojek voort te gaan. Die tempel is voltooi in die sesde regeringsjaar van



koning Darius. Die Israeliete, die priesters, die Leviete en die ander wat uit die ballingskap teruggekom het, het die inwyding van die tempel met vreugde gevier. (Esra 6:15)

### **Psalm 118 kom totstand.**

Psalm 118 is geskryf teen die agtergrond van die voltooiing van die tempel en die altaar. Gedurende die feesvieringe is Psalm 118 as feespsalm gesing. Die optog het eers deur die strate van Jerusalem geloop terwyl hulle seëvierend verse 5 tot 18 sing. Daarna kom die feesoptog by die tempelpoorte aan en beveel die hekwagte om die poorte oop te maak, want hulle wil feesvier. Verse 19 tot 29 beskryf die verskillende verrigtinge in die tempel.

### **Feesoptog deur die strate.**

Verse 1-18 beskryf die seëvierende optog deur die strate van Jerusalem oppad na die tempel terwyl hulle sing,

“Hoor die gejuig in die laer van die oorwinnaars:

Die Here doen kragtige dade, die Here triomfeer!” (Psalm 118:13-17)

### **Voor die poorte van die tempel.**

Die feesgangers kom by die tempelpoorte uit en beveel die hekwagters om die poorte oop te maak. (118: 9-21)

### **Feesvieringe in die tempel.**

Die feesgangers bevind hulle nou in die tempel waar hulle feesvier en deur die priesters geseën word. Die Psalm eindig soos dit begin het,

“Loof die Here, want Hy is goed,  
aan sy liefde is daar geen einde nie” (Psalm 118:29)

Vanoggend kyk ons na die verskillende verrigtinge in die tempel en die geestelike betekenis daarvan. Daar is 'n verwysing na die tempelpoort (19-21), die belangrikheid van die klip (22,23), die dag (24,25a) en die priesters wat die seën oor die volk uitspreek (25b-27a). Daarna begin hulle met die fees (vers 27b-29).



## DIE MISTERIE VAN DIE TEMPEL:

### 1. DIE MISTERIE VAN DIE POORT. (Psalm 118:19-21)

- **Maak oop**

Maak die tempelpoort vir my oop: ek wil ingaan en die Here loof.

- **Poort na die Here**

Dit is die poort na die Here toe: regverdiges mag daardeur ingaan.

- **Doel: Feesvier**

Ek wil U loof omdat U my gebed verhoor en my gered het.

Die tempelpoort het die toegang tot die teenwoordigheid van God geword.

Jare later sou Christus die poort tot die teenwoordigheid van God word. (Hebreërs 10:19-22)

### 2. DIE MISTERIE VAN DIE VERWERPTE KLIP. (Psalm 118:22,23)

- **Belangrikste: hoeksteen en kapsteen**

Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword: hoeksteen, kapsteen en sluitsteen!

- **Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë!**

Die Jode is deur die omringende volkere verwerp en geminag. Juis hierdie volk het die belangrikste volk in die oë van God geword. God gebruik hierdie volk om Sy stad en tempel te herbou sodat die nasies in die komende eeue God daar kan aanbid. Die Jode het die hoeksteen, kapsteen en sluitsteen van God se universele planne geword. Jare later sou Christus die hoeksteen, kapsteen en sluitsteen van ons geloof word (1 Petrus 2:4-)

### 3. DIE MISTERIE VAN DIE DAG. (Psalm 118:24)

Dit is die dag wat die Here gemaak het:

- **Die dag van Kores en Darius; Aankondigings**

Nadat die bouplanne tot stilstand gekom het, gee koning Darius jare later opdrag dat met die bouplanne voortgegaan moet word (Esra 6). As ons in Haggai en Sagaria lees, dan lees ons by verskeie geleenthede dat in die tweede regeringsjaar van koning Darius verskeie opdragte gegee is. Die tweede regeringsjaar van Darius het 'n "sleuteldag" in die voorgang van die bouproses geword.

- **Die dag van klein dingetjies.** Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie. Die mense sal bly wees wanneer hulle sien Serubbabel gaan aan met die bouwerk. (Haggai 2:3; Sagaria 4:6-10)



- **Die dag van voltooiing.** As Serubbabel die laaste klip van die tempel op sy plek sit, sal die mense roep: “Mooi, mooi!” Serubbabel se hande het hierdie tempel se fundamente gelê, sý hande sal dit klaar bou.

Jare later sou hierdie vers deur Christus gebruik word om na Sy kruisiging en opstanding te verwys. Dit is die dag, 33 nC, wat die Here gemaak het, waarop ons Verlosser sou sterf en opstaan om vir ons die ewige lewe te gee. Laat ons daarvoor juig en bly wees.

#### 4. DIE MISTERIE VAN DIE SEËNWENSE. (Psalm 118:25-27b)

- **Die feesgangers versoek die priesters om hulle te seën.**  
Red tog, Here, gee tog voorspoed, Here!
- **Geseënde mense.**  
Prys hom wat in die Naam van die Here kom!
- **Die priesters seën die volk**  
Ons seën julle uit die huis van die Here.
- **Die seën van die Here: aangesig.**  
Die Here is God: Sy aangesig skyn oor ons.
- **Opgebou uit rüines: laat die fees begin!**  
Begin die fees! Wuif met takke! Gaan tot by die horings van die altaar. U is my God, U wil ek loof; u grootheid wil ek besing.

Loof die Here, want Hy is goed,  
*aan sy liefde is daar geen einde nie!*

<sup>2</sup>Israel moet getuig:

*“Aan sy liefde is daar geen einde nie.”*

<sup>3</sup>Die huis van Aäron moet getuig:

*“Aan sy liefde is daar geen einde nie.”*

<sup>4</sup>Dié wat die Here dien, moet getuig:

*“Aan sy liefde is daar geen einde nie.”* **Amen!**

#### Samevattend.

Jare later is die altaar, die tempel en die mure van Jerusalem weer opgebou uit die rüines. Die profesieë van Jesaja, Haggai en Sagaria is vervul en die Jode begin om fees te vier. Hulle stap seëvierend deur die strate van Jeusalem terwyl hulle sing,



“In die laer van die oorwinnaars hoor jy die oorwinningskreet: die Here doen kragtige daede, die Here triomfeer”. (Psalm 118:15,16)

Daarna kom hulle by die tempelpoort, die toegang tot God uit, waar hulle ingaan om deur die priesters geseën te word.

In die tempel word die belangrikheid van die Jode as uitgeworpenes en uitverkorenes weer beklemtoon. Nadat hulle deur die priesters geseën is, begin hulle om fees te vier.

Vandag lê baie mense se lewens in ruïnes. Maar soos die tempel en Jerusalem weer opgebou is, sal ons lewens en toekoms weer uit die ruïnes van die huidige pandemie opgebou word. Maak Psalm 118 deel van jou toekomsverwagting. Amen.

### SEËNBEDE:

<sup>24</sup>Die Here sal julle seën  
en julle beskerm;  
<sup>25</sup>die Here sal tot julle redding verskyn  
en julle genadig wees;  
<sup>26</sup>die Here sal julle gebede verhoor  
en aan julle vrede gee!

### OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins



eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:  
[kantoor@ngkerkwonderpark.co.za](mailto:kantoor@ngkerkwonderpark.co.za)

**Met trots geborg deur:**



www.thepiecrew.co.za

**THE PIE CREW**

**WINMORE**

thepiecrew1@gmail.com  
thepiecrew.winmore@gmail.com

#### **THE PIE CREW**

The Pie Crew not only gives you great pies but we give you loads of flavour...

Become part of...The Pie Crew...Family!! We produce & distribute Frozen Handmade Pies to the retail sector to bake up at home, for you to enjoy a gourmet meal from your own oven!

Webwerf: <https://www.thepiecrew.co.za/>

Facebook: <https://www.facebook.com/the.piecrew/>

Instagram: [https://www.instagram.com/the\\_piecrew/](https://www.instagram.com/the_piecrew/)

